Danie Mouton

From: amanda [ngkalex@telkomsa.net]
Sent: 02 November 2007 11:15
To: skriba@ngkok.co.za
Subject: TERUGVOER TOV KERKHERENIGING Sinode 2007 (2)

TERUGVOER TOV KERKHERENIGING

Gemeente: N.G gemeente Alexandria

Terugvoer: Kleingroep uit gemeente

Getal lede: 6

KONFESSIONELE BASIS

1. Die kerkraad het eenparig die aanvaarding van die Belhar belydenis as belydenisskrif verwerp. Die bewoording tov die Kofessionele basis in die *"Verkorte gespreksdokument"* is dus aanvaar nl. **" Belhar moet nie 'n voorwaarde vir kerkeenheid wees nie, en niemand word forseer om Belhar te aanvaar of daarvan af te sien nie."**

Kommentaar en voorstelle: Die lede teenwoordig het eenparig die inhoud van die Belhar belydenis as Skriftuurlik korrek aanvaar. Hulle sien dit egter as 'n uiteensetting van die doelwitte om na te streef binne die kerk en nie as 'n "Belydenisskrif" nie. Dit word beskou as 'n goeie uiteensetting van *"die verstaan tov die gemeenskap van gelowiges".*

DIE MODEL

2. Die Kerkraad het eenparig die voorgestelde model volgens die bewoording in die *"Verkorte gespreksdokument"* aanvaar.

Kommentaar en voorstelle: Die lede het baie sterk beklemtoon dat hulle hul eie verantwoordelikheid tov besluite en organisasie wil behou. Dit sluit veral die bestuur van eie finansies in.

GESAMENTLIKE PROJEKTE

3. Die lede het eenparig die voorstel volgens die bewoording in die *"Verkorte gespreksdokument"* aanvaar.

Terugvoer:

- Die gemeente bedryf 'n Sopkombuis in samewerking met die plaaslike VGK. Dit geskied weekliks en word bedryf deur 'n gesamentlike komitee onder voorsitterskap van die VGK.

- 'n Jeugkamp vir tieners uit swart en bruin gemeenskappe word jaarliks aangebied. Dis 'n groot projek wat tussen 80 en 100 tieners per geleentheid betrek. Dit is 'n vaste instelling die afgelope 5 jaar.

Kommentaar en voorstelle: Hulle het hul verbintenis tov samewerking sterk beklemtoon.

VERSOENING

4. Die lede het eenparig die voorstel volgens die bewoording in die *"Verkorte gespreksdokument"* aanvaar.

Kommentaar en voorstelle: Die lede het met hartseer erken dat baie dinge wat in die verlede gedoen is onder die vaandel van die "Kerk", nie aanvaarbaar is nie. Hulle het hulself verbind tot Skrifgetroue soeke en oordenking van Bybelse waarhede.

NAAM VAN DIE KERK

5. Die lede het eenparig gestel dat die naam "N.G. Kerk in SA" inkusief genoeg is. Hulle wil geensins 'n ander naam hê nie.